# VORIENUUS

"GROEI WAAR JY GEPLANT IS"

13 Oktober 2025

Uitgawe 32



**Vers vir die week:**

Spreuke 23:17-18

"Moenie afgunstig wees op sondaars nie; wees altyd ywerig om die Here te dien; dan sal jy 'n toekoms hê en jou hoop sal jou nie ontneem word nie."

## Uit die hoof se kantoor:

Baie welkom terug na die kort vakansie. Ek glo dat hierdie vierde kwartaal vir almal 'n opwindende laaste deel van die jaar sal wees. Baie jare gelede was die vierde kwartaal net 'n afsluiting van die afgelope jaar se akademie en aktiwiteite. In die nuwe era lyk hierdie kwartaal egter anders. Ondervinding het my geleer dat ons nogsteeds afsluit en klaarmaak met 'n klomp aktiwiteite en die akademiese hoogtepunt van 'n eindeksamen, maar daarmee saam kom 'n baie besige program en sukkel ons dikwels om alles betyds gedoen te kry. Goeie beplanning is absoluut noodsaaklik vir die kwartaal wat voorlê.

Dit is vir my lekker om u in te lig dat die twee nuwe klasse klaar gebou is en dat hulle eersdaags as klaskamers gebruik gaan word. U sal ook merk dat die sportgronde spog met nog 'n paar verbeteringe wat die afgelope twee weke aangebring is.

Ek herinner u aan die Algemene Jaarvergadering wat Dinsdag, 21 Oktober, in die skoolsaal gehou gaan word. Dit is 'n uiters belangrike vergadering in belang van elke kind van Laerskool Voorpos en ons doen 'n beroep op al ons ouers om hierdie geleentheid by te woon. Ek hoop om u almal daar te sien.

Sterkte vir die kwartaal wat voorlê!

Mnr. Gerhard Engelbrecht

# BERGFIETSRY

Die Bergfiets SA Kampioenskappe is vanjaar by Marensky Landbou Akademie in Tzaneen aangebied, waar ons leerders in uiters warm omstandighede uitstekend presteer het.

Die uitslae was soos volg:

Miani du Plooy – 6de (Sub Junior Afdeling)
Janelle Coertze – 22ste (Sprogs Afdeling)
Melize Rossouw – 33ste (Sprogs Afdeling)
Amori Bisschoff – 42ste (Sprogs Afdeling)
Keletso Mtshweni - 28ste (Nipper afdeling)
Voorpos eindig 22ste in Suid-Afrika.

Gauteng provinsie het die kampioenskappe gewen.

Baie geluk aan al hierdie toegewyde fietsryers! Julle het die skool met trots verteenwoordig.




**WOW!**







# SAGTEBAL

Ons sagtebalspanne het voor die vakansie aan die uitspeelwedstryde deelgeneem en met groot gees en vasberadenheid gespeel!

Ons o/10-span het net-net teen Hennopspark in 'n baie taai wedstryd vasgeval.

Die o/11-span het 'n titaniese stryd gelewer en naelskraap teen Laerskool Tygerpoort verloor.

Ons o/13-dogters sluit die seisoen op 'n hoë noot af met 'n spannende wen teen Hennopspark en eindig 3de in Tshwane.

Ons is ongelooflik trots op elke dogter en afrigter. Dankie vir julle toewyding, tyd en harde werk hierdie seisoen!















# VORIES HET TALENT

**Vories wys hul talente!**

Op Woensdag, 1 Oktober 2025 het ons skool se Vories hul kreatiwiteit tydens 'n sprankelende Talentaand gewys. Die saal was vol opgewonde ouers, onderwysers en leerders wat kom kyk het hoe elke deelnemer hul unieke gawes en talente vertoon. Van sang en dans tot musiek en drama – daar was iets vir almal om te geniet! Saam met die optredes was daar ook 'n kunsuitstalling, waar pragtige skilderye, tekeninge en handwerk deur ons talentvolle leerders uitgebeeld is. Die aand was 'n groot sukses en het gewys dat ons Vories nie net hard werk nie, maar ook ongelooflik kreatief is.





# KRIEKET

Eerstespan @ Laerskool Pretoria-Oos

Baie geluk aan ons o/13-krieketspan wat hul seisoen met 'n wen teen L/s Pretoria-Oos afgesluit het!

Voorpos het 164/6 met 'n sterk kolfvertoning aangeteken en daarna vir Pretoria-Oos tot 148/6 in 20 beurte beperk. Hierdie oorwinning plaas ons 4de in die liga en ons dring deur na die kwarteindronde waar ons teen Laerskool Swartkop sal speel.

Ons o/10- en o/11-spanne dring ook deur na die uitspeelwedstryde wat binnekort plaasvind.

Baie geluk seuns – ons is trots op elke speler en afrigter!

# NUWE PERSONEEL

Mnr Ruhann Brenner

Mnr Ruhann het in 2023 begin skoolhou.

Nadat hy vanaf April vir 5 maande krieket vir St Blazey krieketklub in Engeland gespeel het, het hy besluit SA is die plek vir hom.

Mnr Ruhann se lewensslagspreuke is: "Hold the vision. Trust the process."

Hy is opgewonde om hier by Voorpos te kom onderrig gee, want hy wil nie net in die klas en op die sportveld 'n verskil maak nie, maar soos hyself elke dag wil leer en 'n beter mens word, wil hy ook kinders help om te groei tot goeie, gesonde volwassenes.

Welkom mnr Ruhann! Ons weet die Voriefamilie ontvang jou met oop arms en warm harte.



# -berig

## SKOOLKLERE

Soos u reeds in vorige skrywes verneem het, word die sporthemp ook as skoolhempie infaseer. Die geel hempie vir dogters en die grys hempie vir seuns mag steeds vanjaar en volgende jaar gedra word. Daar is ook 'n boodskap uit op die klasgroepe in verband hiermee. Baie dankie vir al die positiewe terugvoer oor die verandering. Indien u enige navrae het, is u welkom om 'n afspraak met me Nicolene Niemann te maak.



# Belangrike datums vir die week:

**Maandag, 13 Oktober 2025**

- Krieket: o/9 @ Southdowns (Weg)

**Dinsdag, 14 Oktober 2025**

- Krieket: o/10 @ Southdowns (Tuis)
- Krieket: o/11 @ Southdowns (Weg)
- Swemgala: Hillcrest

**Vrydag, 17 Oktober 2025**

- Atletiek: Huissport

**Maandag, 20 Oktober 2025**

- Oueraand: Intermediêre - en Seniorfase

# ADVERTENSIES



# ADVERTENSIES

O'Neills
Photographers

## Groepfoto Bestelling 2025

Die groepfoto's is beskikbaar vir aanlyn aankope op ons webtuiste.

Skandeer die QR-kode om direk na die sessie te gaan:

**U kan ook die volgende instruksies volg vir bestellings:**

- Web adres: **www.oneills.photography**

- Skep u gebruikersrekening deur op **"User Login"** te klik en vul dan u besonderhede in of "Login" indien u reeds 'n rekening geskep het.

- Klik op **"Order Photos"** en vul die volgende in:

  **School / Client Name:** Laerskool Voorpos
  **Shoot Name 1:** Groepfoto's 2025

- Maak u betaling deur na u **"Cart"** te gaan.
U kan d.m.v 'n debiet- / kredietkaart en ook 'n Instant EFT betaal via ons veilige betalingsplatform **31 Oktober 2025** is.

Let asseblief daarop dat die afsnydatum vir bestellings

Vir enige verdere navrae kontak ons op:
office@oneills.photography

# ADVERTENSIES




## Hoe adverteer ek op Vorienuus?

R800 - 4 plasings

R450 - 2 plasings

R300 - 1 plasing

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za

## Hoe maak ek om 'n advertensiebord by die skool aan te bring?

R4000 per jaar

R7000 2 borde per jaar

Kontak: Sharlene by rekeninge@laerskool-voorpos.co.za